


## Hoofstuk 5: Ekonomiese sektore


### 1 Drie Ekonomiese sektore

Die drie ekonomiese sektore verwys na die verskillende stadia waardeur produkte gaan van:

- die ontginning van die grondstof (primêre sektor)
- na die vervaardigingsproses (sekondêre sektor)
- tot waar die produk (of diens) verkoop word (tersiêre sektor).






Die volgende statistiek (verkry vanaf [http://www.statssa.gov.za/?page\\_id=735&id=1&paged=3](http://www.statssa.gov.za/?page_id=735&id=1&paged=3) op 15 April 2015) som die persentasie bydrae van elke sektor in Suid-Afrika soos volg op:



Dit is duidelik dat die tendens redelik stabiel is, met die bydraes van die verskilende sektore in die omgewing van:

- primêre sektor 12%
- sekondêre sektor 22%
- tersiêre sektor 66%.

Die verwantskap tussen die drie sektore of die sogenaamde produksieketting kan vir enkele produkte soos volg geillustreer word:

Primêre sektor	Sekondêre sektor	Tertiêre sektor
Ontginning van natuurlike hulpbronne	Produksieproses	Produkte / dienste wat gereed is om aan die finale verbruiker te verkoop
		
		
		


#### Aktiwiteit 22:

- 1 Noem die drie ekonomiese sektore en sê kortliks wat in elke sektor gebeur.

\_\_\_\_\_ Sektor      Wat gebeur hier? \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_ Sektor      Wat gebeur hier? \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_ Sektor      Wat gebeur hier? \_\_\_\_\_

- 2 Watter sektor lewer die grootste bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie? \_\_\_\_\_  
 3 Dink jy dat hierdie sektor wat jy in nommer 2 genoem het, in alle lande die grootste bydrae lewer? Motiveer jou antwoord. \_\_\_\_\_

- 4 Verdeel die volgende in 'n akkurate sirkeldiagram om die bydraes van die verskillende sektore in 2011 voor te stel.



## 1.1 Die primêre sektor

### 1.1.1 Verskillende tipes natuurlike hulpbronne in Suid-Afrika se primêre sektor:

- Suid-Afrika is besonder ryk aan minerale met van die wêreld se grootste neerslae van steenkool, goud, diamante, ystererts en platinum, ens.
- Suid-Afrika het 'n baie lang kuslyn en dit maak dat vissery 'n bydrae tot die primêre sektor kan lewer deur 'n verskeidenheid vissoorte soos byvoorbeeld snoek, sardien en kreef, om maar net 'n paar te noem.
- Vars water is 'n noodsaaklike hulpbron vir huishoudings, plase, myne, vervaardigingsondernemings en bykans alle ander besighede. Ongelukkig is water dikwels 'n skaars hulpbron in Suid-Afrika. Dit daarom belangrik dat daar deur damme en ander metodes voorsiening gemaak word vir die opgaar van water.
- Suid-Afrika het meestal 'n gunstige landbouklimaat met vrugbare grond. Soos reeds genoem, is een van die beperkings (by landbou) 'n waterskaarste in Suid-Afrika. Ons land het ook 'n verskeidenheid klimaatstreke wat die verbouing van verskillende gewasse moontlik maak. Voorbeeld van landbougewasse wat in Suid-Afrika verbou word is mielies, suiker, lemoene, koring, druwe, sonneblomme en tabak. 'n Groot hoeveelheid van hierdie produkte word uitgevoer. Voorts is daar ook streke in ons land wat geskik is om met vee soos beeste, skape, bokke en selfs wild te boer.
- Daar is nie baie natuurlike woude in Suid-Afrika nie, maar ons het baie groot plantasies van denne-, bloekom- en ander boomsoorte aangeplant sodat dit as 'n natuurlike hulpbron aangewend kan word. Hierdie plantasies kom meestal in KwaZulu-Natal en Mpumalanga voor.

### Aktiwiteit 23:

Verduidelik hoekom natuurlike hulpbronne belangrik is binne die konteks van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Verwys in jou antwoord na die verskillende tipes natuurlike hulpbronne.

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

#### 1.1.2 Die volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne:

Die mensdom besef meer en meer dat die omgewing beskerm moet word. Groeiende bevolkings, die verstedelikingsproses en die verbetering van tegnologie is maar enkele voorbeelde van faktore wat daaglik meer druk op natuurlike hulpbronne uitoefen.

Gelukkig is sommige van ons hulpbronne hernubaar, maar ongelukkig is dit nie moontlik om ander hulpbronne soos minerale weer aan te vul nadat dit ontgin is nie. Dit is almal in die land – vanaf die regering, besighede en elke individu - se verantwoordelikheid om hulpbronne te bewaar.

Wat kan ons doen om die omgewing te beskerm?

- Sodra bome afgekap word, moet die plantasie-eienaar weer nuwe bome aanplant.
- Boere moenie grond laat oorbewei nie en moet lande ook soms net laat “rus” (braak lê) om dit kans te gee om weer te herstel.
- Die regering moet damme bou en ander metodes skep om water op te gaar.
- Mense moenie water mors of besoedel nie.
- Besighede moet bio-afbreekbare materiale in hulle produkte en verpakking gebruik.
- Hersirkuleer (*recycle*) papier, glas en plastiek waar moontlik.
- Ontwikkel volhoubare energiehulpbronne soos hidro, solêr en windenergie.
- Die regering beskerm visserye deur ‘n stelsel van permitte en kwotas wat toegeken word om seker te maak daar is beheer oor die hoeveelheid vis wat gevang word.

## Aktiwiteit 24:

- 1 Hoekom is dit belangrik om hulpbronne op 'n volhoubare manier te bestuur en gebruik?

---

---

- 2 Hoe kan besighede en individue in Suid-Afrika verseker natuurlike hulpbronne sal steeds beskikbaar wees vir toekomstige generasies? Gee 'n verduideliking wat ten minste VYF punte werd is.

### **1.1.3 Tipe vaardighede wat in die Primêre sektor benodig word:**

- Baie van die fisiese werk wat in die primêre sektor gedoen word, vereis hande arbeiders wat nie huis geskoold hoeft te wees nie. Dink aan plaaswerkers of mense wat visvang of mynwerkers.
  - Natuurlik word baie van die take al meer deur masjiene verrig en dan word 'n mate van opleiding wel benodig om die masjiene te bedryf. Die nadeel van masjiene is egter dat minder arbeiders dan benodig word om die werk te doen.
  - Soos in enige besigheid gaan daar egter altyd die mense wees wat aktiwiteite moet beplan, die nodige hulpbronne moet organiseer, leiding moet neem en moet seker maak alles verloop volgens plan. Ons praat hier van die bestuurders en hulle gaan waarskynlik hoogs-geskool wees met spesifieke en hoë vaardighedsvlakke.